China se eerste oorsese militêre basis in Djiboeti: ’n kontekstualisering van die oogmerke, politieke belange en toekomsmoontlikhede

Theo Neethling

Theo Neethling, Departement Politieke Studie en Regeerkunde, Universiteit van die Vrystaat

Opsomming

Diplomatieke bande tussen China en Djiboeti bestaan reeds sedert 1997, maar dit was eers meer onlangs dat China sy voetspoor in dié klein Afrikastaat verdiep het. In onlangse jare het Beijing sy teenwoordigheid in Djiboeti laat geld aan die hand van velerlei multimiljoenrandprojekte, waarvan die vestiging van ’n militêre steunbasis die opvallendste was. Wat dié basis betref, is ’n militêre fasiliteit van 36 hektaar ontwikkel met die doel om Chinese troepe te huisves, asook fasiliteite te bied vir skepe, helikopters en vastevlerkvliegtuie van die Chinese weermag. Tot onlangs het dié soort verwikkelinge op die vasteland van Afrika nie juis baie internasionale aandag gekry nie, maar China se stadige en geduldige benadering het stelselmatig aandag begin trek en tot ’n menigte vrae en bespreking tussen akademici, navorsers en waarnemers aanleiding gegee. Wat Djiboeti betref, is dit belangrik dat die Chinese betrokkenheid in dié land beskou kan word as ’n mikrokosmos van Beijing se klaarblyklike groeiende betrokkenheid in Afrika. Dit is kenmerkend van die oogmerke, belange, uitdagings en omstredenhede rakende Beijing se politieke, ekonomiese en militêre voetspoor in Afrika.

Hierdie artikel het ten doel om China se globale politieke oogmerke en motiverings te ontleed – oogmerke en motiverings wat wesenlik neerkom op ’n vermenging van Chinese militêre en ekonomiese belange. Die artikel het ook ten doel om vas te stel hoedanig die basis in Djiboeti daarop gemik is om Beijing se globale uitbreiding te fasiliteer en of dit tot die totstandkoming van bykomende oorsese militêre basisse aanleiding kan gee – alles met die doel om die verbreding van China se globale invloedsfeer te ondersteun en uit te bou. Die artikel sluit in die laaste instansie ook aan by akademiese teoretisering met betrekking tot China se rol in Afrika, en poog om daardeur dieper insig te bied wat betref die steeds groeiende en toekomstige rol van China in Afrika.

Trefwoorde: Djiboeti; militêre basis in Djiboeti; China; China-Afrika-verhoudinge; Chinese belange; China se deurweg na Afrika

Abstract

China's first overseas military base in Djibouti: A contextualisation of the objectives, political interests and future prospects

This article touches on the features of China's military base in Djibouti and what some observers regard as the newly created Chinese gateway to Africa. The drivers underlying China's deeper levels of strategic engagement with Djibouti in particular, and the African continent in general, and possible future developments or trajectories are especially analysed. The article intends to explore China's strategic objectives and motivations in Djibouti and what could be considered as a mixing of Chinese military and business interests. The article also reflects on whether the base in Djibouti is intended to serve as a further step in Beijing's global expansion; a step that could lead to the building of more overseas military bases and thus be instrumental in the extension of China's global sphere of influence. The article finally touches on current theorising and scholarly reflections in international relations as an academic discipline on how to understand China's growing engagement with the African continent.

The article's point of departure is that while China and Djibouti have had diplomatic relations since 1979, China has deepened its footprint in that small African country in the past decade. In this regard, Beijing has firmly established its presence in Djibouti through multiple multibillion-dollar infrastructure projects of which a military support base has been the most notable project. As far as the base is concerned, a 36-hectare military facility has been developed since 2017 to host several thousand Chinese troops and provide facilities for ships, helicopters and fixed-wing aircraft. Until recently, these types of development on the African continent have not attracted much international attention, but China's slow and patient approach has increasingly been noticed internationally and is raising questions among many scholars and analysts, especially in the United States of America (USA) and Europe.

Following the above background, the article argues that China's military footprint in Africa at large and Djibouti in particular cannot be divorced from this emerging superpower's geo-economic interests in the African continent. It is commonly known that the Chinese economy averaged an annual growth rate of 10 per cent for three decades until 2010. This required the Chinese government to secure substantial levels of energy in order to sustain the momentum of economic growth. In this context, China and Africa have developed and strengthened their economic ties over the past two decades. In fact, in 2009, China became sub-Saharan Africa's single largest trading partner as the rapid economic growth and expanding middle class in China boosted its demand for raw materials. Many of these raw materials come from Africa, and this has been a very important factor in growing trade links between China and Africa. For its part, China exports machinery, equipment of various kinds and manufactured goods to Africa.

A global Chinese project that is strongly linked to Chinese investment in Africa is President Xi Jinping's development framework, the Belt and Road Initiative (BRI), also known as the One Belt, One Road Initiative. This project was launched in 2013 and is aimed at developing

an economic belt and a maritime road to promote cooperation between and the interconnection of major markets in the Middle East, Asia, Europe and Africa. The BRI is widely viewed as a uniquely ambitious infrastructure project that is aimed at strengthening China's business interests in several regions – including Africa – and as an important framework for exercising China's soft power. The BRI as a modern-day Maritime Silk Road has gained increasing prominence in Chinese policymaking and economic planning and involves several state and business actors from a number of countries in the relevant regions. The BRI underpins and explains China's investment of billions of dollars in new rail, shipping and airport infrastructure in dozens of countries, including Djibouti.

The article also reflects on China's geo-strategic and military interests. Of particular interest is the fact that the Chinese government is justifying its base in Djibouti as a facility to contribute to humanitarian relief, peace and stability in Africa. This relates to China's efforts to bring more stability to the African continent, which can also be seen in Beijing's expanding (military) role in international peacekeeping operations. China is currently listed among the world's 12 largest contributors of international peacekeeping troops, and most of China's increased peacekeeping activity relates to its involvement in United Nations (UN) peacekeeping operations in African states. Beijing has also stated that the base in Djibouti will be used as a facility to undertake maritime counter-piracy operations in the Gulf of Aden to which China has been a regular multinational contributor since 2008. What is striking about Beijing's public diplomacy is that China has always downplayed the military aspect of the Djibouti base, but instead calls the base a support facility for replenishing the Chinese navy and meeting international obligations in relation to peace and stability in Africa.

In a broad international context the article points out that China keeps pushing for international acknowledgement as a leading global power through its involvement in UN peacekeeping operations. In this regard, China is providing far more peacekeepers than any of the other permanent members of the UN Security Council and thus burnishes its image as a concerned international stakeholder. Altogether this puts China in a position to grow its influence in the global political and security landscape, and its base in Djibouti is thus instrumental in advancing Beijing's growing global economic and military profile.

China has never before established a base far from its so-called near beyond. For this reason the Djibouti project, however modest, tends to fuel perceptions globally that China is deliberately broadening its international military footprint. As much as the Chinese Foreign Ministry is arguing that facilities in Djibouti will be used for logistical support and personnel recuperation of the People's Liberation Army conducting peacekeeping operations in the Gulf of Aden and waters off the Somali coast, many observers suspect or maintain that the project is more ambitious than Beijing is letting on. In the USA several security functionaries and observers are convinced that China's large-scale build-up, especially in the South China Sea, and global infrastructure investments, such as the Djibouti base, are indicative of a plan for global domination.

From a theoretical point of view, a considerable number of especially American scholarly views can be linked to the theoretical construct of neorealism, also known as structural realism. Over time, numerous articles have been published by academics, researchers and observers that advance the notion of Chinese power projection and even a Chinese threat in Africa. Authors of these works basically argue that the unfolding global political economy is paired with China's growing might and power projection in the South China Sea, the Indian Ocean

and the African continent, and that this is posing a growing challenge to the USA. However, scholars with an opposing view contend that the above-mentioned researchers, analysts and observers are too often simply jumping on an ideological bandwagon, and argue that China is actually not that different from Western powers in the 20th century in terms of pursuing realistic objectives within the paradigm of power and national interest. They further argue that theorising in international relations in the USA and Europe is often too focused on a history of Western dominance, which is producing problems when applied to contemporary Sino-Africa-relations.

In light of the above arguments, this article holds that the broader picture of Sino-Africa relations suggests that China's interest in African affairs goes beyond mere altruism – although actors in Africa are also reaping economic benefit from China's engagement with Africa. Among others, Chinese companies are getting into new business ventures, and the Chinese economy is gaining steady access to much-needed natural resources, while Chinese development assistance has created many roads, bridges, railways, schools and hospitals in African states. In this context it should specifically be noted that Djibouti has benefitted considerably from its growing friendship and collaboration with China. The strategic arrangement between the two countries is much more than the establishment of a military base, in the sense that it strengthens Djibouti's position as a key entry point on the eastern parts of the African continent, in addition to the substantial infrastructural development by China in this small country.

In the final analysis, and on the whole, the evidence presented in this study suggests that the Chinese move to establish a permanent naval presence in Djibouti is strongly driven by both geo-economic and geo-strategic motivations. This means that China's actions in Djibouti fit squarely into the wider context of Beijing's post-Cold War economic interests and military activities in the sense that the naval base will be aimed mainly at serving business purposes, but also boost the Chinese navy in projecting power and serving other military interests. The article also argues that China is notably the most significant external actor in Djibouti and that this small country can be seen as a microcosm of China's engagement with and endeavours on the African continent. This engagement reflects all of the benefits, drawbacks and controversies relating to Beijing's political, economic and military footprint on the African continent at large, as well as current international security dynamics in which China's global sphere of influence is increasingly spreading.

Keywords: China; China Africa relations; China's military interests; China's port to Africa; military base in Djibouti

1. Inleiding

Die hawe van Djiboeti noord van Somalië bestaan sedert 1888, en in 1892 het dit die hoofsetel van Frans-Somaliland (Côte Française des Somalis) geword. Sedert die vestiging daarvan het die hawe 'n belangrike hervullingstasie en stoorfasiliteit geword vir skepe op hulle vaart tussen die Rooi See en die Middellandse See via die Suezkanaal (Mattingly 2018).

Djiboeti het in 1977 onafhanklikheid verkry as een van Afrika se kleinste state wat betref bevolking en geografiese grootte, maar wat die land van besondere politieke betekenis maak,

is die feit dat dit oor ’n uiters belangrike eienskap beskik, naamlik strategiese ligging. Djiboeti is besonder strategies geleë tussen die Suezkanaal en die Golf van Aden, wat beteken dat dit langs een van die wêreld se besigste skeepsroetes lê. Dosyne olietenk- en vragskepe beweeg met die roete van en na die Golf van Aden en die Rooi See, wat aan Djiboeti een van die belangrikste strategiese plasings in die internasionale gemeenskap verleen (Fei 2017; Pieper 2018).

Die strategiese belangrikheid van Djiboeti is duidelik onderstreep toe China besluit het om sy eerste oorsese militêre basis in Julie 2017 in hierdie klein landjie in die oostelike deel van Afrika te vestig. Wat dit betref, is besluit om ’n fasiliteit van 36 hektaar te ontwikkel om Chinese soldate te kan huisves, asook om skepe, helikopters en vastevlerkvliegtuie van die Chinese weermag (Chinese Bevrydingsleër) te akkommodeer. Daar is selfs aanduidings van ’n ondergrondse stoorfasiliteit van naastenby 23 000 vierkante meter (Fei 2017; GlobalSecurity.org 2018).

Pieper (2018) is van mening dat die ontwikkeling van die Djiboeti-fasiliteit beskou kan word as ’n weerspieëling van die globale ekonomiese magsverskuiwing van die VSA en Europa na Asië wat steeds besig is om plaas te vind. Laasgenoemde hang saam met die opkoms van China as ’n toekomstige supermoondheid, en dit kom voor asof Djiboeti meer gewillig en oper is as ander Afrikastate om in ’n soort ontwikkelingseksperiment met Beijing te tree sover dit die toekoms van China en Afrika betref. Dié ontwikkelingseksperiment behels in die besonder die bou van ’n nuwe hawe met reusagtige skeepshyskrane in die veeldoelige hawe van Doraleh, ’n verlengstuk van die hawe van Djiboeti, ongeveer 5 km wes van Djiboetistad. Vir baie inwoners van Djiboeti beteken dit dat daar groot gedink word, en daar word gehoop dat daar, met Chinese hulp, iets so modern as Singapoer geskep kan word (Pieper 2018).

Teen bogenoemde agtergrond was dié navorsing daarop gemik om die aard van die Chinese militêre basis in Djiboeti te (her)ondersoek – ’n basis wat sommige waarnemers as China se poort na Afrika bestempel. Die motivering(s) onderliggend aan China se politieke en militêre betrokkenheid in Djiboeti staan sentraal in dié studie en sal derhalwe aandag geniet, asook die toekomsmoontlikhede wat daarmee kan saamhang. Die politieke doelwitte en motiverings wat die Chinese optrede aandryf, sal dus onder die loep geneem word, veral wat betref Chinese ekonomiese en meegaande militêre belange in Afrika. Die artikel is voorts daarop gemik om antwoorde te kry op vrae of die Djiboeti-basis ten doel het om ’n rol in Beijing se globale uitbreiding te speel, asook of die basis tot die vestiging van verdere basisse kan lei en dus bedoel is om ’n rol in die verbreding van die Chinese globale invloedsfeer te speel.

As ’n akademiese werk sal die artikel ook fokus op hedendaagse teoretisering in die dissipline Internasionale Verhoudinge rakende China se toenemende betrokkenheid in Afrika. Daar sal gelet word op verskille onder teoretici ten opsigte van die moontlike bedreigings wat China se opkoms vir veral die VSA inhou. Terselfdertyd sal daar ook gelet word op kritiek in bepaalde akademiese kringe dat diskoerse met betrekking tot China-Afrika-verhoudinge te dikwels verband hou met ’n soort obsessie dat die groeiende Chinese betrokkenheid in Afrika as ’n politieke en militêre bedreiging vir veral die VSA, maar ook Europese moondhede beskou moet word.

Die artikel is bedoel om ’n oorsigtelike beskrywing en bespreking van die onderwerp te wees en volg nie ’n metodologie aan die hand van ’n hipotese en meegaande probleemstelling nie. Dit fokus op ’n dieper en beter begrip van die dryfvere onderliggend aan China se

betrokkenheid in Djiboeti en vir doeleindes daarvan is gepoog om primêre en sekondêre bronne te versamel en te ontleed, asook akademiese uitsette wat kan help om onderwerp vanuit 'n teoretiese perspektief te ontleed en te begryp.

2. Agtergrond: Vestiging van 'n militêre basis in Djiboeti

Chinese vlootoperasies die afgelope dekade moet gesien word teen die agtergrond van 'n opkomende supermoondheid wat toenemend as 'n globale rolspeler optree en geleidelik meer ervaring in militêre operasies wêreldwyd opdoen. Chinese vlootoperasies het oor eeue heen ontwikkel en kan teruggevoer word na die eerste geopolitieke doel van alle opeenvolgende dinastieë om beheer te neem van die Chinese hartland, die Han-kern. Dit is waar die Chinese beskawing vanuit 'n kerngedeelte in die Noord-Chinese Vlakte ontwikkel het, en oor verskeie millennia uitgebrei het. Uit hierdie doel het die volgende logiese oogmerk gevolg, naamlik om invloed te verseker oor die buffersones wat die Han omring. Die derde doel was om die Chinese kuslyn teen buitelandse moondhede en bedreigings te beskerm. Omdat die bedreigings gedurende die antieke en Middeleeuse tydperke van 'n beperkte aard was, het China dit nie as noodsaaklik beskou om 'n oppermagtige vlootvermoë op te bou nie.

Gedurende die antieke en Middeleeuse tydperke was China betreklik geslote, maar ekonomies selfvoorsienend. Dit was egter later, in die 20ste eeu, nie meer die geval nie. In 'n era waar ekonomiese handelsroetes en voorsieningsnetwerke toenemend aan die orde van die dag was, was China verplig om meer toeganklik te wees vir buitelandse handel, en terselfdertyd was daar ook 'n afhanklikheid van grondstowwe wat met behulp van skeepsvervoer na China ingevoer moes word. Dit het aanleiding gegee tot 'n vierde geopolitieke doel, naamlik die beskerming van internasionale handelsroetes asook van die bronne van die grondstowwe wat China benodig (Avdaliani 2018). In 2015 het Beijing amptelik hierna verwys as China se eietydse vlootstrategie van nabye seeverdediging, verre seebeskerming (Downs, Bekker en deGategno 2017:vii). Die vestiging van 'n militêre basis in Djiboeti moet teen die agtergrond van hierdie vierde geopolitieke doel verstaan word.

China en Djiboeti handhaaf reeds sedert 1979 diplomatieke verhoudinge, maar dit was eers onlangs dat China sy voetspoor in dié klein Afrikastaat verdiep het. Militêre verhoudinge tussen die twee state het ontwikkel en oor drie herkenbare tydperke heen ontvou. Die eerste was 'n ontluikende verhouding wat 'n aanvang geneem het met die uitbouing van informele bande in 1977 in die vorm van ongereelde militêre samewerking en beperkte skakeling tussen senior regeringsamptenare en militêre offisiere van die twee state. 'n Meer uitgebreide verhouding het vanaf 2009 vorm aangeneem wat grootliks aangedryf is deur China se teenseeroweroperasies in die Golf van Aden en om die Horing van Afrika. Hierdie verhouding het teen ongeveer 2013 wasdom bereik en gelei tot die daarstelling van 'n Chinese militêre ondersteuningsfasiliteit in Djiboeti, asook 'n groter verskeidenheid militêre projekte tussen die twee lande (Downs e.a. 2017:v).

Sedertdien is die Chinese betrokkenheid in Djiboeti op 'n vaste grondslag geplaas met velerlei multimiljarddollar-infrastruktuurprojekte, met inbegrip van die militêre ondersteuningsfasiliteit en twee lughawens in Djiboeti, asook die Etiopië-Djiboeti-spoorlyn en nog etlike ander projekte. Hierdie projekte strek van ontsouting tot water-, gas- en oliepypleidings. China se betrokkenheid in Djiboeti is veral betekenisvol as in ag geneem word

dat Djiboeti geografies ’n klein entiteit is wat rofweg die gesamentlike grootte van die stede Beijing en Tianjin in China is met ’n bevolking van minder as 900 000 (Dubé 2016).

Reeds voordat Djiboeti ’n deurweg of poort na Afrika vir China geword het, is Djiboeti internasionaal beskou as ’n staat van strategiese betekenis. Sedert die vestiging in 2003 van Camp Lemonnier, die Amerikaanse militêre basis in Djiboeti, wat digby basisse van die Franse, Italiaanse, Spaanse, Japanse en Duitse weermagte ingerig is, het Djiboeti ’n staat van besondere internasionale belangrikheid geword.[1] Dit alles kom daarop neer dat sowel China as die VSA, die twee voorste ekonomieë, asook verskeie ander belangrike moondhede sedert 2017 oor militêre basisse in Djiboeti beskik. So maak China nou deel uit van ’n militêre sametrekkingspunt waar min of meer 10% van die wêreld se olie-uitvoere en ongeveer 20% van die handelsuitvoere daagliks deur die besige skeepsroetes vervoer word (Braude en Jiang 2016; Pieper 2018).

Wat voorts van belang is, is dat Djiboeti se president Ismail Omar Guelleh se verhoudinge met Beijing veel gemakliker en aangenamer is as met die VSA en Europese moondhede. Die Chinese president, Xi Jinping, het Guelleh trouens in November 2017 op ’n luisterryke wyse tydens ’n staatsbesoek ontvang en hom met die hoogste staatstoekenning vereer. Die twee presidente het ook oorgegaan tot die sluiting van ’n strategiese vennootskap, wat klaarblyklik ongemak in die VSA en Japan geskep het (Pieper 2018).

Teen hierdie agtergrond wys Downs e.a. (2017:iii) tereg daarop dat ofskoon Djiboeti ’n klein, dorre land in die Horing van Afrika is, die geografiese ligging daarvan aan die land ’n besonder mededingende voordeel bo ander klein state verleen. Voorts dien Djiboeti ook as hawe-uitvoerfasiliteit vir Etiopië, wat tans die vinnigs groeiende ekonomie in Afrika is en wat sedert die afskeiding van Eritrea nie oor ’n eie hawe beskik nie. Dit, asook die feit dat Djiboeti bereid is om grond beskikbaar te stel aan buitelandse moondhede en hulle weermagte, maak die land van besondere politieke en strategiese belang in Afrika-verband.

In die globale diplomatieke en militêre landskap het bogemelde toenadering tussen China en Djiboeti nie ongemerk verbygegaan nie – veral nie in die VSA nie. Verder is daar die feit dat die Djiboeti-basis ’n rol speel in die ambisie van die Chinese weermag om sy vloot te omskep wat militêre mag ver buite die Chinese landsgrense kan projekteer. Die voormalige bevelvoerende generaal van die VSA se Afrika-kommandement (AFRICOM), David Rodrigues, beskou dit as ’n duidelike aanduiding van China se toenemende teenwoordigheid buite die Asiatiese Stille Oseaan-gebied (GlobalSecurity.org 2018). Voorts het *Foreign Affairs*, ’n New York-gebaseerde tydskrif van die VSA se Raad op Buitelandse Aangeleenthede (Council on Foreign Affairs), die VSA-regering selfs gemaan om China se groeiende invloed in Djiboeti teen te werk (GlobalSecurity.org 2018; Lee 2015). Vanuit ’n Midde-Oosterse oogpunt is Chaziza (2018:7) van mening dat China se besluit om ’n basis in Djiboeti te skep, begryp moet word in die wyer verband van Chinese belange in die Midde-Ooste en Noord-Afrika, spesifiek met betrekking tot Beijing se geo-ekonomiese en geostrategiese oogmerke.

In dié konteks sal vervolgens gefokus word op die dryfvere onderliggend aan China se betrokkenheid by Djiboeti. Die fokus sal eerstens geplaas word op die dryfvere wat verband hou met China se geopolitieke belange in Djiboeti, waarna China se geostrategiese belange aan bod sal kom.

3. China se geopolitieke belange in Djiboeti en in breër verband

Uit bostaande is dit duidelik dat Djiboeti van besondere strategiese belang is in Afrika-verband. Soos aangedui, is Djiboeti geleë op die kruispunt van een van die besigste skeepsroetes in die wêreld. Nie alleen kan die land as 'n poort na die Rooi See en Indiese Oseaan dien nie; dit koppel ook met roetes na Europa, die Verre Ooste, die Horing van Afrika en die Persiese Golf. Djiboeti is geleë aan die mond van die Rooi See en dit maak dié klein Afrikastaat 'n ideale versamelpunt vir vragskepe van en na die Midde-Ooste en Noord-Afrika. In dié verband is daar 'n beduidende persentasie Chinese handel wat via die Golf van Aden na die Europese Unie (EU) beweeg – geraam teen 'n bedrag van meer as VSA$1 miljard per dag. Verder is dit belangrik om te meld dat meer as 40% van China se totale olie-invoere deur die Indiese Oseaan beweeg (Chaziza 2018:8).

By alles wat reeds aangevoer is, moet voorts gemeld word dat China se militêre voetspoor in Afrika nie losgemaak kan word van dié ontluikende supermoondheid se ekonomiese belange op die vasteland van Afrika nie. Dit is algemeen bekend dat die Chinese ekonomie vir ongeveer drie dekades tot 2010 'n gemiddelde groei van 10% gehandhaaf het (South African Institute of International Affairs 2009:5). Dit het die uitdaging aan die Chinese regering gestel om aansienlike volumes energiehulpbronne aan die Chinese ekonomie te lewer ten einde 'n hoë ekonomiese groei te kan handhaaf. Teen hierdie agtergrond het China sy bande met Afrika oor die afgelope twee dekades uitgebou en verstewig. Gegewe die groeiende Chinese ekonomie, wat beskou moet word in die konteks van 'n snelle verstedelikingsproses en 'n uitbreiding van die Chinese middelklas, het China die grootste handelsvennoot van Afrika suid van die Sahara geword – wat alles verband hou met die behoefte aan minerale-grondstowwe (South African Institute of International Affairs 2009:6, 16). Vir baie van sy minerale-grondstowwe, waaronder olie, is China van Afrikastate afhanklik, en vanuit 'n ander hoek beskou, is China die uitvoerbestemming van ongeveer 70% van hedendaagse brandstof-, metaal- en olie-uitvoere asook ander grondstowwe uit Afrika suid van die Sahara. Daarby is Afrikastate die bestemming van Chinese uitvoere wat betref masjinerie, vervoertoerusting, kommunikasietoerusting en ander vervaardigde goedere (Albert 2017; Chen en Nord 2017:v, 1).

In die afgelope jare was daar ook 'n uitbreiding van Chinese ondernemings in Afrika wat saamgeval het met 'n groot toename in regstreekse buitelandse beleggings van China in Afrika. In ruil vir die voordele wat sy Afrika-uitvoere vir China meegebring het, het Beijing die olie- en mynbousektore van verskeie Afrikastate ontwikkel en uitgebou. Voorts lewer China met sy groot vervaardigingsektor ook verbruikersgoedere aan Afrikastate, en veral lae-inkomstegroepe in Afrika het daarby gebaat, aangesien baie van hierdie goedere voorheen vir baie Afrikane nie beskore was nie (Albert 2017; Chen en Nord 2017:v, 1). Beijing het voorts betrokke geraak by uitgebreide handels- en saketransaksies, asook 'n aanbod van ongeëwenaarde laekostefinansiering en goedkoop arbeid vir infrastruktuurprojekte in mineraalryke Afrikastate. Chinese finansiële instellings, soos die Volksbank van China, die Chinese Ontwikkelingsbank, die Uitvoer-Invoerbank van China en die Chinese Ontwikkelingsfonds, het toenemend gemoeid geraak met die beskikbaarstelling van lenings en krediet aan state soos die Demokratiese Republiek van die Kongo, Etiopië, Kenia en Soedan, met 'n leningstotaal van ongeveer VSA$486 miljard tussen 2000 en 2014. Andersyds het onder andere Angola, Etiopië, Nigerië en Zambië veral gebaat by Chinese steun aan die skep van ekonomiese-samewerking-sones in Afrika, terwyl daar ook etlike gevalle was waar state aansienlik gebaat het by die bou van paaie, spoorweë, lughawens, hospitale, skole en sportstadions (Albert 2017; Chen en Nord 2017:7).

Bogenoemde dui op ’n opmerklike en beduidende verskuiwing in internasionale handelspatrone. Tot 1995 was bykans 90% van uitvoere na sub-Sahara-Afrika afkomstig van ontwikkelde lande. Gedurende die afgelope twee dekades het nuwe handelsvennote in die ontwikkelende wêreld egter na vore getree, waaronder Brasilië, China en Indië, en is daar begin om nuwe vennootskappe met Afrikastate en -rolspelers te sluit. Meer onlangs het Rusland ook nuwe betrekkinge met bepaalde Afrikastate gesmee wat daarop dui dat Moskou ’n hernude belangstelling in Afrika ontwikkel. Die patroon van uitvoere van Afrika na ander buitelandse bestemmings het gevolglik eweneens verander. Wat dit betref, is China nou by uitstek die grootste bestemming vir Afrika-uitvoere. Wat verder beduidend is, is dat China die VSA verbygesteek het as ’n netto invoerder van olie, en Afrika speel ook hierin ’n baie belangrike rol (Chen en Nord 2017:v; Burger 2018).

’n Ander baie belangrike Chinese projek wat sterk gekoppel is aan Chinese beleggings in Afrika, is Xi Jinping se makro-ontwikkelingsraamwerk wat bekend staan as die Belt and Road Initiative (BRI). Die BRI strek veel wyer as Afrika en is ’n globale ontwikkelingstrategie van die Chinese regering. In kort behels dit die uitbou van infrastruktuur en gepaardgaande beleggings in meer as 65 lande wêreldwyd wat meer as 60% van die wêreldbevolking sal insluit. Ofskoon Afrika (en spesifieke Afrikastate) tans slegs ’n betreklik klein deel van die BRI uitmaak, vorm veral die oostelike deel van Afrika deel van die BRI en kan China se geopolitieke belange in Djiboeti nie van die BRI as ’n makroplan ontkoppel word nie (Bird, Lebrand en Venable 2019:2).

Die BRI is in 2013 van stapel gestuur en is gemik op die ontwikkeling van ’n ekonomiese strook en maritieme waterweg waarvan die doel is om samewerking met en verbindings van die belangrikste markte in die Midde-Ooste, Asië, Europa en Afrika moontlik te maak. Hierdie onderneming word dikwels bestempel as ’n grootse Chinese ambisie om China se antieke syroetes tussen Asië en Europa te laat herleef. Tot dusver is ’n beduidende aantal state, naamlik 65, per ooreenkoms by die BRI ingesluit, en volgens beskikbare inligting is 30% van die globale ekonomie by die projek ingesluit (Nantulya 2019). Die kern van die plan is twee beoogde ekonomiese roetes. Die eerste is die ekonomiese syroetestrook wat vanaf Asië na Europa strek, en die tweede is die maritieme syroete. Laasgenoemde is van besondere belang vir China-Afrika-verhoudinge en strek vanaf China tot by Indië en deur die Indiese Oseaan na Europa. Die BRI word allerweë beskou as ’n unieke, ambisieuse infrastruktuurprojek wat daarop gemik is om China se sake-inisiatiewe in verskeie streke te bevorder, waaronder Afrika, en wat saamhang met die beoefening van Chinese “sagte mag”, dit wil sê ’n omgewing waar oorreding en nie militêre dwangmaatreëls nie van toepassing is. Dié inisiatief het toenemende prominensie in Chinese beleidmaking en ekonomiese beplanning verkry en daarom is verskeie state en kommersiële rolspelers by dié sogenaamde 21ste-eeuse maritieme syroete betrek.

Vanuit China word aangevoer dat daar in die breë omstreke van Djiboeti, Kenia en Egipte (waarlangs die maritieme syroete strek) reeds etlike state is wat bevoordeel word deur Chinese beleggings en die skep van nuwe infrastruktuur. Die spoorlyn tussen Mombasa en Nairobi is byvoorbeeld deur China gefinansier, terwyl spoorlyne ook aangelê is om vervoerverbindings met Uganda, Burundi en Suid-Soedan te vestig. Uit ’n Afrika-oogpunt is die BRI trouens ook in ooreenstemming met die Afrika-Unie se Agenda 2063 ingevolge waarvan daar beplan word om die organisasie se meer as 50 lidstate deur middel van infrastruktuur, waaronder hoofweë, lughawens en hoëspoedspoorweë, te verbind. Die BRI sal ook verdere voordele vir bepaalde Afrikastate bied deur spesiale ekonomiese sones, dit wil sê gebiede waar daar ingevolge ooreenkomste met Afrikastate verslappings sal bestaan ten opsigte van die gewone

staatsregulasies aangaande belastings, handelskwotas, doeanebeheer en administrasie. Sodanige spesiale ekonomiese sones bestaan reeds in Zambië, Etiopië en Egipte wat aansluiting by die maritieme syroete (kan) vind (Metwally 2019).

Die BRI onderlê en verklaar China se beleggings van miljarde dollar in nuwe infrastruktuur met betrekking tot spoor-, skeeps- en lugvervoer in talle lande, waaronder Egipte en Kenia, asook Djiboeti (Olander en Van Staden 2017; Wu, Alden en Sidiropoulos 2017). Djiboeti, spesifiek, is geleë langs die maritieme syroete, en dit verklaar verwysings na dié klein landjie as China se poort na Afrika, asook waarnemings dat China Afrika nodig het om van die BRI 'n sukses te maak.

Duggen (2018) verduidelik dat China ook gefokus is op die langtermyn-ekonomiese ontwikkeling van Afrikastate wat deur ernstige gewapende konflik geraak word, aangesien armoede beskou word as 'n belangrike oorsaak van konflik. Derhalwe het China sy beleggings- en ontwikkelingshulp aan Afrika verhoog – alles met die doel om meer werksgeleenthede te skep en armoedeverligting te bewerkstellig. Daar word gehoop dat die BRI groter ekonomiese ontwikkeling in Afrika sal teweeg bring en dat armoedevlakke sal afneem en gevolglik ook konflik.

4. China se geostrategiese belange in Djiboeti en in breër verband

China se pogings om meer stabiliteit – wat ten diepste materieel of ekonomies aangedryf word – na die Afrika-vasteland te bring kan ook gesien word in Beijing se toenemende rol in internasionale (militêre) vredesbewaring sedert die beëindiging van die Koue Oorlog. China bevind sig tans tussen die wêreld se top-12 bydraers van vredesoldate vir internasionale vredesbewaring, en die Chinese bydrae is meer as dié van enige van die ander vier permanente lede van die Veiligheidsraad. Die belangrikheid hiervan hou spesifiek verband met China se toenemende rol in die Verenigde Nasies (VN) se vredesteunoperasies in Afrikastate, waar die meerderheid internasionale vredesteunoperasies ontplooi is. Tussen 2 400 en 2 500 Chinese soldate was in 2019 betrokke by nege vredesteunoperasies van die VN wêreldwyd – veral die groot vredesteunoperasies in Mali en Suid-Soedan (Duggan 2018; Verenigde Nasies 2019a). Andersyds lewer teen China tans ook reeds meer as 10% van die finansiële bydraes tot die VN se vredesteunoperasies, ofskoon dit aansienlik minder is as dié van die VSA, wat 'n bydrae van meer as 28% lewer. In dié opsig lewer die VSA steeds die grootste bydrae, met China in die tweede plek (Verenigde Nasies 2019b).

Wat hier veral opgemerk moet word, is dat China in 2014 'n historiese besluit geneem het om gevegstroepe – dit wil sê troepe soos infanteriste – na Afrika te stuur, spesifiek die konflikgeteisterde Mali en Suid-Soedan. Die besluit het betrekking op die ontplooiing van 170 infanteriepersoneel na Mali, asook 'n infanteriebataljon van 700 sterk om die VN-vredesteunoperasie in Suid-Soedan te ondersteun. Dit kan as 'n belangrike stap bestempel word, aangesien China tot 2013 slegs ondersteuningseenhede na vredesteunoperasies ontplooi het, waaronder ingenieurs, logistieke eenhede, mediese eenhede en vervoerbeamptes, maar geen gevegstroepe nie. In 2015 het Xi Jinping ook aangekondig dat China 'n permanente vredesbystandmag van 8 000 troepe in gereedheid gebring het vir snelontplooiing, waar dit ook al in konflikgeteisterde Afrikastate benodig mag word. Die registrasie van hierdie beloofde bystandsmag is in 2017 by die VN gedoen. Hy het voorts beloof dat China oor 'n tydperk van

vyf jaar ’n bedrag van VSA$100 miljoen vir militêre bystand aan die Afrika-Unie (AU) sou bewillig, spesifiek om die AU se vredes- en veiligheidsraamwerk te versterk ten einde veral in krisisse in te gryp (Huang 2017:2; Zheng 2017).

In die lig van voorgaande meld Wang (2018) dat Beijing die militêre basis in Djiboeti regverdig as ’n fasiliteit wat afgesien van sosio-ekonomiese ontwikkeling in Djiboeti ook ’n bydrae sal lewer met betrekking tot humanitêre verligting, vrede en stabiliteit in Afrika. Terselfdertyd sou die basis gebruik word as ’n fasiliteit om maritieme teenterrorisme-operasies in die Golf van Aden te onderneem waarby China reeds sedert 2008 betrokke was. Wat opvallend is van China se openbare diplomasie, is dat China die militêre aspek van die basis in sy openbare diplomasie onderbelig het, en eerder gepoog het om dit voor te hou as ’n “ondersteuningsfasiliteit” vir die Chinese vloot, asook om internasionale verpligtinge met betrekking tot vrede en stabiliteit in Afrika na te kom (Wang 2018). Amptelik word die basis dan ook as ’n logistieke-ondersteuningsbasis van die Chinese vloot geag en bestempel (Pieper 2018).

Teen hierdie agtergrond voer Chaziza (2018:9–10) aan dat Chinese beleggings in Djiboeti belangrike strategiese voordele vir Beijing inhou. Daardeur word die vermoë van die Chinese weermag versterk ten opsigte van vlootoperasies in veral Noord-Afrika en die Midde-Ooste asook verder in die streek. ’n Basis in Djiboeti is inderdaad goed geplaas om China se globale maritieme vermoë uit te bou en ’n reikwydte ver buite China se onmiddellike invloedsfeer moontlik te maak. Wat voorts van belang is, is dat China ’n geruime tyd reeds fondse bestee het om sy vloot tot sogenaamde blouwaterkapasiteit te voer, wat beteken dat die Chinese vloot uiteindelik ’n globale teenwoordigheid sal kan hê, en ’n basis in Djiboeti sal dit goed aanvul en ’n globale reikwydte vir die vloot meer binne bereik bring. Wat dit betref, sal die Chinese weermag van ’n platform voorsien word wat mettertyd ’n reikwydte tot diep in die noordelike, oostelike en sentrale dele van Afrika, asook die noordwestelike dele van die Indiese Oseaan, aan sy vloot en lugmag kan verleen.

’n Ander aspek waarvan kennis geneem moet word, is dat Beijing toenemend besorgd is oor die toenemende aantal Chinese burgers wat in Afrika werksaam is (Nantulya 2019). In 2017 is die getal amptelik as 202 689 aangegee, waarvan die meerderheid in Algerië, Angola, Nigerië, Etiopië en Zambië gevestig was (China-Africa Research Initiative 2019). Die besorgdheid van Beijing is verstaanbaar, aangesien daar reeds in verskeie Afrikastate aanvalle op Chinese burgers aangeteken is, waaronder Kenia, Ghana, Lesotho, Madagaskar, Suid-Afrika, Suid-Soedan, Soedan en Zimbabwe. In die Libiese konflik het die Chinese regering 35 000 Chinese burgers in 2011 ontruim en meer as 200 in Jemen in 2015. Dit alles het bygedra tot ’n besef dat die Chinese vloot oor ’n vermoë moet beskik wat operasies ver buite sy grense kan uitvoer; dit wil sê in die sogenaamde verre see (Nantulya 2019).

In die lig van bostaande moet dit duidelik wees dat die Chinese militêre basis in Djiboeti neerkom op ’n buitelandse onderneming van Beijing met ekonomiese en militêre dimensies. Die voormalige Chinese president, Hu Jintao, het teen die einde van sy presidentskap verklaar dat die beskerming van China se oorsese belange ’n buitelandsebeleidsprioriteit geword het (Fei 2017). Ná die vestiging van die basis in Djiboeti as China se eerste oorsese basis is Beijing nou in ’n posisie om sy ekonomiese belange in Afrika te beskerm, asook om hulp te verleen in pogings om ’n veiliger omgewing in Afrika te skep. Dit het veral op drie aspekte betrekking: pogings om seerowery in Oos-Afrika te bekamp, die aktiewe beskerming van die maritieme syroete deur die Indiese Oseaan na Afrika, en die bekamping van veiligheidsbedreigings in spesifieke Afrikastate deur middel van ondersteuning aan internasionale vredesteunoperasies

(Wang 2018). Voorts stel die basis China nou in staat om vliegveldfasiliteite in Djiboeti te hê, en daardeur kan Beijing ook intelligensie-insameling doen oor die Arabiese skiereiland, Egipte, oostelike Libië en selfs die sentrale dele van Afrika (GlobalSecurity.org 2018). Wat seerowery betref, het skepe van die Chinese vloot die basis in Djiboeti reeds gereeld besoek. Op dié wyse kan Beijing nou sy militêre ondernemings sterker ondersteun en selfs ontruimingsoperasies van stapel stuur indien Chinese burgers of selfs mense van ander nasionaliteite veiligheidsbedreigings ervaar.

Opsommend kan gesê word dat die basis in Djiboeti 'n rol speel in ondersteuning aan die onderstaande vyf "missiegebiede" (Downs e.a. 2017:v):

- teenseerowery in die Golf van Aden (wat die aanvanklike oogmerk van Chinese betrokkenheid in Djiboeti was)
- intelligensie-insameling in ander state in die omgewing van Djiboeti en monitering van belangwekkende aktiwiteite in streeksverband
- nievyandelike ontruimingsoperasies in Oos-Afrika met betrekking tot 'n toenemende aantal Chinese burgers of voormalige Chinese burgers wat in die streek werksaam of gevestig is
- vredesteunoperasies, spesifiek in verband met die toename van Chinese gevegstroepe wat diens doen in die Soedanese konflik en elders
- teenterrorisme-operasies in verband met spesifieke bedreigings wat deur Chinese burgers in die omstreke van Djiboeti ervaar word.

Wat die agtergrond van bostaande betref, moet daar vermeld word dat Djiboeti inderdaad gebaat het by die toenemende vriendskap en samewerking met China. Die strategiese verhoudinge tussen die twee lande hou veel meer in as die blote totstandbrenging van 'n militêre basis. Die politieke profiel van Djiboeti word aansienlik versterk omdat die landjie daardeur vir China 'n belangrike poort tot die Afrika-vasteland geword het. Djiboeti se handel met China het ook aansienlik toegeneem, terwyl Djiboeti baat gevind het by die toevoeging van beduidende infrastruktuur van ongeveer VSA$14 miljard. Dit sluit die spoorweglyn tussen Djiboeti en Etiopië in wat die tydsduur van treinritte tussen die twee lande min of meer gehalveer het. Die voordele vir Djiboeti kan derhalwe nie misgekyk word nie en die Djiboeti-regering was selfs bereid om die Chinese gebruik van hommels vir intelligensiedoeleindes in die streek (soortgelyk aan operasies van die VSA en Frankryk) te verdedig (Chaziza 2018:9–10). Vir China weer is die militêre basis, soos blyk uit die bostaande bespreking, 'n middel tot 'n doel en moet dit beskou word in die lig van China se buitelandsebeleidsimperatiewe.

Wat die wyer Afrika-konteks betref, moet dit voorts gemeld word dat nie slegs Djiboeti in onlangse jare baat gevind het by Chinese ontwikkelingsprojekte in Afrika nie. In 'n breër Afrika-konteks blyk die toename in Chinese betrokkenheid duidelik uit die feit dat Beijing enorme lenings aan Afrika-regerings toegestaan het vir infrastruktuurontwikkeling – waarby China uiteraard ook voordeel trek. Kwantitatief het Chinese lenings aan Afrikastate toegeneem van 'n onbenullige bedrag in 2000 tot ongeveer VSA$18 miljard in 2013. In 2016 het die bedrag op ongeveer VSA$60 miljard te staan gekom (Fabricius 2018). Terwyl kritiek op Beijing toegeneem het dat Afrikastate (opnuut) in 'n skuldlas gedompel word, het die Chinese regering verder 'n reusagtige bedrag van VSA$460 bewillig om Afrikastate by te staan en sodoende die kritiek te probeer teëwerk. Die feit bly egter staan dat die skuldlas van Afrikastate toegeneem het, met verskeie state wat by die Internasionale Monetêre Fonds moes aanklop vir hulp ná stygende skuldvlakke. Lae kommoditeitspryse en stygende renteskuld het in dié opsig

'n negatiewe uitwerking op baie Afrikastate gehad. Fabricius (2018) verwoord dit treffend as hy aanvoer: "[B]ecause of increased Chinese funding to Africa over the past few years, the IMF is back in business [in Africa]."

Wat voorts verstaan moet word, is dat ofskoon die groter Chinese betrokkenheid in die Horing van Afrika en omstreke 'n veiliger omgewing vir Afrikastate en broodnoodsaaklike beleggingsgeleenthede skep, die Chinese betrokkenheid in Afrika nie sonder negatiewe implikasies is nie. Wat goed verstaan moet word, is dat lenings van Beijing gepaardgaan met wat dikwels deur waarnemers as Chinese kollateralisme bestempel word (Kwazi 2019). Dit beteken eenvoudig dat waar Afrikastate nie 'n leningsooreenkoms kan eerbiedig nie die Chinese-regering eienaarskap mag neem van bepaalde infrastruktuur of toegang kry tot bepaalde mineralerykdomme. Kwasi (2019) stel dit dat China "has effectively mastered the intricacies of long-term collateralisation of assets and resources". Wat dit betref, word verskeie state in die oostelike dele van Afrika reeds geraak deur leningsooreenkomste wat beswaarlik nagekom kan word, waaronder Etiopië, Soedan, Kenia, Zambië, Mosambiek en Madagaskar. In Kenia is daar byvoorbeeld sterk sprake dat China die Lamu-hawe vir 'n periode van 99 jaar in besit sal neem indien 'n leningsooreenkoms tussen die twee lande aangaande die spoorlyn tussen Nairobi en Mombasa nie eerbiedig word nie (Kwasi 2019).

Sover dit Djiboeti aangaan, het Chinese geostrategiese belang in dié landjie en die meegaande vestiging van 'n militêre fasiliteit bepaalde voordele gebring, soos ook in ander Afrikastate, maar dit het eweneens teen 'n prys gekom met verwysing na Djiboeti se stygende skuldlas jeens China. Die veeldoelige hawe in Doraleh tesame met die Doraleh-houerterminaal en die Djiboeti Internasionale Industriële-parke-operasie (wat 'n vervaardigingspilpunt is), asook spoorlyne en waterpypleidings, en nog vele meer, berus alles op enorme finansiële uitgawes wat deur Beijing in die vorm van lenings voorsien is. En ofskoon die ekonomie van Djiboeti sterk groei beleef, het alles meegebring dat Djiboeti se openbare skuld – waarvan die grootste deel aan China verskuldig is – van 2014 tot 2016 gestyg het tot 85% van die land se Bruto Nasionale Produk (Internasionale Monetêre Fonds 2019; Manek 2019).

Laastens kan gemeld word dat China se langsame, inkrementele betrokkenheid in Djiboeti nie in die internasionale gemeenskap ongemerk verbygegaan het nie. Wat veral heelwat aandag getrek het, is die feit dat die Chinese fasiliteit 'n duidelike aanduider was van Beijing se benadering om sy belange buite sy onmiddellike invloedsfeer te vestig en uit te brei (Downs e.a. 2017:vii). Uiteraard is dit uit 'n Amerikaanse militêre gesigspunt iets wat aandag sou trek en dit is duidelik dat die VSA deeglik bewus is van die belangrikheid en politieke omvang van Beijing se inisiatiewe in Afrika. In dié verband het die bevelvoerder van AFRICOM, generaal Stephen Townsend, dit in geen onduidelike terme gestel nie dat China gekies het om in Afrika met die VSA mee te ding en dat die mededinging op die "harde" manier gedoen word. Hy is ook van mening dat die mededinging en Chinese invloed ten koste van Amerikaanse invloed geskied, asook dat die BRI sentraal is in die Chinese pogings om Afrika van die VSA te laat wegswaai. Hy meen egter ook dat die wedywering tussen die groot moondhede ten diepste nie 'n militêre benadering volg nie (Grady 2019).

Teen die agtergrond van die bostaande is dit duidelik dat 'n nuwe dinamika en vooruitsigte in Afrika meegebring is deur die teenwoordigheid van China en ander state in die Globale Suide (Grady 2019) en dit sal in die volgende afdeling verdere aandag geniet.

5. China as ’n globale rolspeler en toekomsmoontlikhede

Burger (2018) voer tereg aan dat daar sedert die afloop van die Koue Oorlog en verbandhoudende wedywering tussen die VSA en die Sowjetunie, tans – dit wil sê, drie dekades later – ’n geopolitieke tektoniese verskuiwing begin plaasvind. Wat dit betref, verskuif die tektoniese plate tans sodanig dat die VSA ’n verlies aan invloed begin toon, terwyl Europa duidelike tekens van fragmentering wys. In hierdie landskap begin ander opkomende moondhede hulle invloed laat geld. Dit is veral China – maar ook Rusland – wat sy globale profiel uitbou. Dit is ook veral waarneembaar in Afrika met sy omvangryke natuurlike hulpbronne en ontluikende markte. Djiboeti is weliswaar nie belangrik vir natuurlike hulpbronne nie, maar beslis vir sy strategiese plasing.

Djiboeti is nie vir slegs China van besondere belang nie, maar ook vir verskeie ander belangrike moondhede in die internasionale gemeenskap. Sedert die 9/11-aanvalle het Amerikaanse beleid jeens Afrika sterk daarop gefokus om Al-Kaïda en verbandhoudende ekstremistiese bewegings te bekamp. Dit is presies waarom die VSA se Camp Lemonnier in 2003 ingerig is. Soos reeds gemeld, het Djiboeti se uitstekende hawe en stabiele regering dié landjie ’n belangrike fasiliteit gemaak van waar die VSA ’n vlootbasis kon inrig ter ondersteuning van sy maritieme operasies in die streek. Die VSA se basis in Djiboeti is trouens uitnemend geplaas om die globale operasies van die VSA te ondersteun, soos die keer in 2000 toe die Amerikaanse oorlogskip die *USS Cole* in Jemen deur Al-Kaïda aangeval is. Daarby het die VSA sy gekombineerde, gesamentlike taakmag vir die Horing van Afrika vanuit Djiboeti bedryf. Ander operasies in Afrika en die Arabiese Skiereiland is ook vanuit Djiboeti ondersteun (Mattingly 2018).

In Amerikaanse veiligheidskringe word dikwels aangevoer dat China dit ten doel het om ’n globale veiligheidsrolspeler te wees (IISS and MERICS 2019). Verskeie waarnemers en ontleders – veral in die VSA – beskou die Chinese teenwoordigheid in Djiboeti klaarblyklik as ’n poging om die VSA se posisie as ’n globale militêre moondheid uit te daag (Grady 2019). Daar word eweso geglo dat China en die VSA toenemend besig is met ’n wedywering om invloedrykheid in Afrika. J. Peter Pham, visepresident van die Atlantiese Raad (Atlantic Council) in Washington DC en die Raad se voorste Afrika-navorser, skryf byvoorbeeld in dié verband dat die VSA se globale leierskap sterk afhang van dié land se rol in die beskerming van, en selfs ’n mate van beheer oor, belangrike maritieme roetes, en indien China hom ook as ’n beskermer van maritieme roetes kan vestig, kan dit China se globale profiel aansienlik versterk (GlobalSecurity.org 2018).

In ’n verslag aan die Amerikaanse Kongres het die Kantoor van die Minister van Verdediging Beijing se globale strategie beoordeel aan die hand van wat die Chinese leierskap beskou as ’n tydperk van “globale strategie”. Dit het spesifiek betrekking op die nastrewing van ’n vooruitstrewende China teen die agtergrond van Xi Jinping se Chinese droom van nasionale herlewing. In dié verslag word die onderstaande sake uitgelig en belig (Office of the Secretary of Defense 2018:i–iii):

- ’n Groeiende streeks- en globale teenwoordigheid: China is daarop ingestel om sy groeiende ekonomiese, diplomatieke en militêre profiel uit te bou deur veral sy streeksprofiel te versterk en die BRI te laat realiseer.
- ’n Veranderende benadering tot die bestuur van streeksverskille: In sy streeks- en maritieme geskille is China bereid om dwangmaatreëls te gebruik en die daarstelling

van buiteposte aan te wend om beheer uit te oefen oor gebiede waaroor daar geskille bestaan, in die besonder die Suid-Chinese See.
- Die daarstelling van ’n kragtige weermag: Die Chinese weermag is onderhewig aan die omvattendste herstrukturering in sy geskiedenis met die oog daarop om ’n mag daar te stel wat meer uitdagende operasies kan onderneem.
- Voortgesette politieke en veiligheidsvoorbereidings vis-à-vis Taiwan: Terwyl China standpunt inneem ten gunste van ’n vreedsame hereniging met Taiwan, het Beijing nog nooit die gebruik van militêre mag afgewys nie.
- Amerikaans-Chinese bilaterale mededinging: Dit verwys na ’n toenemende tendens van militêre wedywering tussen die VSA en China in ’n baie dinamiese en vloeibare globale landskap.

In aansluiting by bostaande, en sover dit die toekoms betref, meen Wang (2018) dat die Djiboeti-basis nie die laaste oorsese militêre basis sal wees waarmee Beijing sy handel- en militêre strewes sal ondersteun nie. Dit word ook bevestig deur die feit dat die Chinese vloot se Vlootnavorsingsinstituut die Baai van Bengal, Mianmar, Pakistan, die Seychelle, Sri Lanka en Tanzanië uitgewys het as plekke waar Beijing in die toekoms bykomende oorsese militêre buiteposte sou kon inrig. In die VSA het die Pentagon ook reeds voorspel dat China meer militêre basisse sal inrig in veral streke soos die Midde-Ooste, Suidoos- Asië en die westelike dele van die Stille Oseaan (U.S. Department of Defense 2019). Ander waarnemers is weer van mening dat die Maledive-eilande suid van Indië moontlik as ’n Chinese basis ingerig kan word, ofskoon daar onsekerheid in die land bestaan ten opsigte van politieke bestendigheid wat kan lei tot nuwe moontlikhede vir betrokkenheid van groot moondhede (Brewster 2018).

As verdere toeligting van bostaande kan genoem word dat China se bande met ander Asiatiese lande aan die verdiep is en dat Beijing toenemend betrokke raak in lande wat vir dekades lank beskou is as deel van die Indiese invloedsfeer. Beijing se betrokkenheid in die Maledive is veral ’n goeie voorbeeld (Stratfor 2019).

Nantulya (2019) noem voorts dat daar selfs spekulasie is dat Walvisbaai in Namibië as belangrik geag word in die groter prentjie van China se maritieme syroete. Die Namibiese en Chinese vlote handhaaf hegte militêre bande, en etlike Chinese vlootvaartuie het Walvisbaai in die afgelope paar jaar aangedoen. Gevolglik het die Namibiese media in onlangse jare gespekuleer oor die moontlikheid dat Walvisbaai ook uiteindelik ingesluit kan word by Beijing se planne rakende die sogenaamde pêrelsnoer (String of Pearls) waarvan daar soms melding gemaak word (Hartman 2014).

Wat hier van besondere belang is, is dit wat in Indies-Chinese verhoudinge bekend is as die pêrelsnoerteorie, ’n strategie van China om sy invloed oor die Indiese Oseaan uit te brei en die invloed van Indië in die streek te bekamp, asook om maksimale voordeel te trek uit gekose eilande of hawens om Indië heen – waarna metafories as “pêrels” verwys word. Elke “pêrel” verteenwoordig volgens die voorstanders van hierdie teorie reeds een of ander vorm van permanente Chinese teenwoordigheid of het te make met die daarstelling van ’n teenwoordigheid wat strek van die suidelike dele van China deur die Indiese Oseaan en die Midde-Ooste, van waar baie van China se nodige natuurlike hulpbronne ingevoer word (Baker 2015; Dutta 2017).

Die pêrelsnoerteorie het egter op veel meer betrekking as bogenoemde streke, en teoreties betrek dit ook Afrika en strek so ver as Walvisbaai. China het reeds, soos in die geval met

Djiboeti, begin om ’n diepwaterhawe in Walvisbaai te skep, en sou Walvisbaai ’n wesenlike deel uitmaak van Beijing se planne vir die toekoms, sal Suider-Afrika en die weskus van Afrika ingesluit wees by die Chinese pêrelsnoer. Vanaf Walvisbaai kan daar verdere uitbreidings wees na São Tomé en Principe, Kameroen, Nigerië, die Ivoorkus en Guinee. Die Chinese vloot het trouens reeds besoeke afgelê in Kameroen, Ghana en Nigerië nadat hierdie lande by die BRI ingeskakel is (Nantulya 2019).

In ’n breër verband moet daar ook gemeld word dat China deur middel van internasionale vredesteunoperasies van die VN poog om groter erkenning te geniet as ’n leidinggewende globale moondheid (Kovrig 2018; Duggan 2018). Wat dit betref, is reeds gemeld dat China een van die belangrikste internasionale bydraers van vredesoldate tot vredesteunoperasies is met bydraes wat die ander vyf permanente lede van die VN se Veiligheidsraad in die skadu stel. Trouens, terwyl die Chinese bydraes toegeneem het, het die VSA in 2018 besluit om sy bydraes tot buitelandse hulpverlening van rofweg VSA$3,4 miljard met ongeveer 6% in te kort, asook om sy bydrae van ongeveer 25% van die VN se begroting vir vredesteunoperasies te besnoei. Daarteenoor het Beijing die teenoorgestelde roete gevolg en sy bydraes tot vredesteunoperasies in alle opsigte uitgebrei (Duggan 2018; Pauley 2018). Trouens, sedert 2012 is die Chinese bydrae van soldate tot VN-vredesteunoperasies meer as dié van al die ander permanente lede van die VN se Veiligheidsraad gesamentlik (Pauley 2018).

Daar bestaan geen twyfel nie dat bogenoemde politieke dinamika en dit wat in Djiboeti afspeel, persepsies in Amerikaanse kringe aangevuur het dat China besig is om sy internasionale voetspoor te verbreed. Dit val boonop ook saam met groter belangstelling en betrokkenheid in Afrika van Russiese kant met Moskou wat ’n al dieper diplomatieke voetspoor laat in veral Angola, Egipte, Mosambiek, Namibië, die Sentraal-Afrikaanse Republiek, Soedan, Somalië en Zimbabwe (Burger 2018). Alhoewel die Chinese buitelandse ministerie volhou dat die basis ingerig is om ’n rol te speel in logistieke ondersteuning asook steunverlening aan diensdoende Chinese soldate wat betrokke is by operasies in die Golf van Aden en die Horing van Afrika, is Amerikaanse veiligheidsfunksionarisse grootliks daarvan oortuig dat die projek meer ambisieus is as wat Beijing in sy openbare diplomasie te kenne wil gee (GlobalSecurity.org 2018). Soos reeds bespreek, val China se bedrywighede in Djiboeti immers saam met wat vir Amerikaanse waarnemers lyk na toenemende ekonomiese en militêre wedywering met die VSA. Daarby word gebeure verder ingekleur deur deurlopende internasionale nuusdekking aangaande die bou van Chinese vliegtuie en vliegdekfasiliteite om buitelandse operasies te onderneem. Hoe dit ook al sy, daar is duidelike indrukke in Amerikaanse kringe dat Beijing daarop uit is om die Djiboeti-basis in ’n sagtemagverband (dit wil sê in ’n oorredende, diplomatieke verband) aan infrastruktuurontwikkeling in Afrika te koppel, terwyl dit inderwaarheid gefundeer is in ’n hardemagverband (dit wil sê ’n niediplomatieke, militêre verband). Daardeur poog China om sy posisie en invloed in die globale landskap so sagkens of subtiel moontlik te bevorder en uit te brei (Braude en Jiang 2016 2017).

So beskou, is daar in Washington verskeie beamptes en waarnemers wat van mening is dat China se grootskaalse militêre opbou – veral in die Suid-Chinese See – saam met die Djiboeti-basis alles deel uitmaak van Beijing se planne vir “wêreldoorheersing”. Teen hierdie agtergrond is die Amerikaanse Kongres selfs deur kundiges gewaarsku dat China verbind is tot ’n stryd om streeks- en globale oppermag en dat sodanige oppermag sentraal is in die “Chinese droom”. Die Chinese “arsenaal” bestaan uit politieke, ekonomiese, militêre en intelligensie-elemente en dit hou, uit ’n internasionale veiligheidsoogpunt, ernstige uitdagings vir die VSA

in (Gertz 2018). Die vraag is egter of "wêreldoorheersing" nie op 'n oorskatting van Beijing se oogmerke neerkom nie.

Daar is ook ander aspekte van sagte mag wat dikwels aan Chinese ontwikkeling in Afrika gekoppel word en wat meer spesifiek aan die onlangse ontwikkelinge in Djiboeti gekoppel sou kon word. Dit het te make met die punt dat China vir jare reeds besig is om op 'n soort koloniale wyse taal en kultuur na ander dele in die wêreld uit te voer, en spesifiek ook na Afrika (Shih 2013:33–4), iets wat bekendstaan as "Sinicization", wat vertaal kan word as "Chinesisering". 'n Voorbeeld wat dikwels aangebied word om dié punt te staaf, is die vestiging van Confucius-sentrums, en die vraag wat gevra kan word, is of 'n militêre basis soos die een in Djiboeti nie ook deel van 'n poging is om die Chinese taal, kultuur en tradisies op voetsoolvlak na Afrikastate te probeer uitbrei nie. Van Chinese kant word enige sodanige argumente betwis en veral daarop gewys dat die Confuciaanse konsep van 'n "harmonieuse wêreld" nog altyd onderliggend aan Chinese buitelandse beleid was en dat die konsep van "nasionale belang" iets is wat eie is aan die moderne paradigma van realisme (kyk die volgende afdeling) en verbandhoudende bedreigingspersepsies in die internasionale politiek. Daar word voorts aangevoer dat die uitgangspunt van 'n "harmonieuse wêreld" teenstrydig is met die idee dat China se opkoms in die wêreldpolitiek tot 'n hegemoniese stryd aanleiding sal gee (Shih 2013:16). In hierdie artikel wil daar nie gepoog word om dieper in te gaan op dit wat met Chinesisering verband hou nie. Daar kan hier wel ten minste gemeld word dat Chinesisering 'n belangrike aspek van Chinese betrokkenheid in Afrika is en dat dit vorentoe van groter belang gaan word. Daar sal wel in die volgende afdeling vanuit 'n teoretiese perspektief gepoog word om enkele van die genoemde sake te belig, spesifiek vanuit die perspektief van die akademiese dissipline Internasionale Verhoudinge.

Wat verder ook gemeld moet word, is dat China hom in sy openbare diplomasie voordoen as 'n verantwoordelike leier van ontwikkelende state en 'n staat wat in broederskap staan met ander ontwikkelende wêrelddele. Dié narratief is, volgens Duggan (2018), kennelik dat China samewerking en vreedsame ontwikkeling met ander ontwikkelende state soek en dit doen in die gees van Suid-Suid-samewerking. Beijing doen hom ook voor as 'n rolspeler wat in 'n gelyke vennootskap met ander ontwikkelende state staan. Volgens hierdie narratief is China betrokke by ontwikkelingsprojekte, langtermyn- ekonomiese ontwikkeling en die soeke na oplossings in die Globale Suide.

6. Teoretiese gesigspunte en verbandhoudende evaluering

Uit die literatuur, asook bostaande bespreking, is dit duidelik dat die menings en persepsies van talle navorsers en veiligheidsfunksionarisse aangaande China se betrokkenheid in Afrika aansluiting vind by die teoretiese paradigma van neorealisme. Die Amerikaanse Departement of Verdediging sélf beskou Beijing se internasionale inisiatiewe as pogings to "leverage China's economic, diplomatic and military clout to establish regional prominence and expand the country's international influence" (Office of the Secretary of Defense 2018:i). Dit is eweneens 'n uitgangspunt wat verband hou met klassieke realisme en in 'n meer hedendaagse teoretiese konteks verband hou met die paradigma van neorealisme.

In sy openbare diplomasie gooi Beijing egter sy betrokkenheid in Afrika (en Djiboeti) oor die boeg van vrede en veiligheid. So het Xi Jinping in September 2018 aangekondig dat daar binne

die Forum op China-Afrika-samewerking (Forum on China-Africa Cooperation) ook ’n China-Afrika Vrede-en-veiligheidsforum geskep gaan word. Die fokus sal wees op hand-aan-hand-samewerking om veiligheid te konsolideer en spesifiek om vrede, ontwikkeling en samewerking tussen China en Afrika beter te bestuur en daardeur meer internasionale aandag te skenk aan vrede in Afrika en die nodige ondersteuning te verleen (Ministry of National Defense of the People's Republic of China 2019a). Eweso voer die Chinese regering aan dat sy militêre basis in Djiboeti Beijing in ’n posisie plaas om sy verantwoordelikhede in die internasionale gemeenskap beter na te kom. Djiboeti kan veral help in die internasionale stryd teen seerowers in die Golf van Aden en om die Horing van Afrika, en die Chinese vloot sal grootliks in operasies optree wat vreedsaam (“non-war”) van aard is (Ministry of National Defense of the People's Republic of China 2019b). Die nadruk van die Chinese regering is dus duidelik op samewerking vir ’n veiliger Afrika en in teëstelling met die standpunt dat die Chinese betrokkenheid in Afrika gemik is op magsuitbreiding.

Shih (2013:34) voer aan dat Chinese burgers oor die algemeen daarvan oortuig is dat China en Afrika in ’n wen-wen-situasie verkeer. Terwyl China baat by die minerale-hulpbronne wat Afrika aan die Chinese ekonomie bied, geniet Afrikastate die voordele van Chinese hulpverlening. Aan die ander kant is dit die geval dat daar veral in die VSA met skeptisisme en selfs sinisme gekyk word na Beijing se groeiende betrokkenheid in Afrika en dat “Chinese enthusiasm for its opportunities in Africa is met with suspicion, if not hostility, in some parts of the world” (Shih 2013:34).

Daar is tans velerlei vrae wat gevra word oor die aard van China se toenemende betrokkenheid in Afrika. Daar word byvoorbeeld dikwels gevra of China se finansiële hulpverlening aan Afrika nie inderwaarheid daarop gemik is om Afrika (opnuut) in ’n skuldstrik te laat trap nie (Ndzendze 2019). Sover dit die fokus van hierdie artikel aangaan, is die belangrikste vraag dalk of China met die vestiging van ’n militêre basis in Djiboeti daarop uit is om sy mag op ’n globale grondslag uit te brei en of die basis grootliks ten doel het om sy veiligheidsbelange in Afrika beter te dien en sodoende beter na sy handelsbelange op die vasteland om te sien. In dié verband is die paradigma van neorealisme na alle waarskynlikheid die mees toepaslike om dié vraag te betrag (kyk Elman en Jensen 2013:27–28 asook Balaam en Dillman 2019:367–9), ofskoon merkantilisme as ’n paradigma (en veral die aspek van ekonomiese nasionalisme) ook van waarde kan wees om China se rol in Afrika beter te probeer begryp.

Sover dit neorealisme (of strukturele realisme) betref, het dit voortgebou op dit wat vandag as klassieke realisme bekendstaan, en in dié opsig was die werk van Kenneth Waltz, *Theory of international politics* (1997), veral onderliggend aan teoretisering in dié benadering. Trouens, Waltz se werk was rigtinggewend en het die teoretisering van mag in die dissipline Internasionale Verhoudinge tot ’n nuwe vlak geneem. In sy werk voer Waltz aan dat mag die belangrikste faktor in die internasionale politiek is, asook dat anargie die internasionale struktuur bepaal of definieer in die afwesigheid van ’n formele sentrale internasionale owerheid. Polariteit en die struktuur van die internasionale gemeenskap berus op die verspreiding van magsvermoëns en daarom is state daarop uit om op verskeie maniere, waaronder die soeke na ’n magsbalans of alliansievorming, selfhandhawing na te streef (Lobell 2010:1–2). In hierdie konteks meen die meeste neorealiste vandag dat China een of ander vorm van toekomstige bedreiging vir veral die VSA inhou (Balaam and Dillman 2019:367).

Tog is daar verskille onder neorealiste en kan daar tussen offensiewe en defensiewe neorealisme onderskei word. Offensiewe neorealiste argumenteer dat anargie in die stategemeenskap state inderwaarheid verplig om hulle mag uit te brei en om te kompeteer vir mag in 'n nimmereindigende stryd om hegemonie. Daarom streef state na oppermag eerder as gelykheid, en die rasionaal daarvoor is dat hoe magtiger 'n staat is hoe minder sal dit 'n teiken van ander state wees. John Mearsheimer, die teoretikus wat by uitstek verbind word met die ontwikkeling van offensiewe neorealisme, het aangevoer dat slegs 'n "misleide staat" sou aanvoer dat daardie staat oor voldoende mag beskik en die kans sou prysgee om as 'n streekshegemoon te kan optree. Defensiewe neorealiste, daarenteen, argumenteer dat anargie state aanmoedig om 'n verdedigende, gematigde en beperkte strategie aan te neem. Konflik is soms nodig waar 'n staat se veiligheid bedreig word of waar verskille nie versoenbaar is nie. Hulle gee wel toe dat state daarop uit is om magsuitbreiding na te streef, maar nie dat state inherent aggressief is nie (Lobell 2010:2, 4, 10). Dan is daar ook die standpunt dat China op ekonomiese, militêre en tegnologiese terreine nog te veel agterstande in verhouding met die VSA toon om as 'n onmiddellike bedreiging beskou te kan word (Balaam and Dillman 2019:367).

Die bogenoemde teoretiese diversiteit en nuanses is ook baie duidelik uit die onderskeie en soms mededingende perspektiewe en ontledings wat neorealiste met betrekking tot China se opkoms en rol in die wêreldpolitiek voorhou. Waar defensiewe neorealiste oor die algemeen nie te pessimisties is oor die opkoms van China in die wêreldpolitiek nie, en nie daarvan oortuig is dat dit noodwendig op 'n konflik of oorlog met die VSA afstuur nie, is offensiewe realiste geneig om 'n somber prentjie van die toekoms van Internasionale Verhoudinge voor te hou indien China sy huidige benadering tot internasionale betrekkinge sou volhou. Offensiewe neorealiste is van mening dat state, in die lig van die aard van Internasionale Verhoudinge, sal voortgaan om hegemonie na te streef "as the best means of staying safe in a dangerous world". Dit was byvoorbeeld die geval in die 19de eeu toe die VSA die Europese moondhede begin terugstoot het, wat uiteindelik gelei het tot die dominasie van die VSA in die Westerse wêreld. Defensiewe neorealiste meen weer dat China se opkoms gerugsteun sal word deur toenemende militêre besteding aan tegnologiese vooruitgang en verbeterde vermoëns, maar dat dit eerder op veiligheidsdoeleindes as hegemoniese strewes gemik sal wees (Elman en Jensen 2013:27–28).

Wat hierdie artikel betref, word daar akkoord gegaan met Brewster (2018) wat aanvoer dat die teenwoordigheid van China se vloot in die Indiese Oseaan en elders nog nie 'n besliste rigting aandui met betrekking tot Chinese globale magsprojeksie nie. Dit kom veral daarop neer dat daar nie by verstek aanvaar moet word dat Beijing en die Chinese weermag openlik of duidelik daarop uit is om die VSA of groot Europese moondhede uit te daag nie – veral nie die Amerikaanse Vyfde Vloot in die globale maritieme verband nie. 'n Konflik of oorlog tussen China en die VSA word dus nie in die afsienbare toekoms voorsien in die lig van China se steeds ontluikende globale rol en magsuitbreiding nie.

Waltz was in sy akademiese werk van mening dat die internasionale politiek gekenmerk word deur 'n herhalende patroon van gebeure wat beskryf is as "sameness" in die optrede van state (Lobell 2010:1). Dit kom volgens Elman en Jensen (2013:19) daarop neer dat "the same depressing familiar things happen over and over". Dié herhalende tendense of patroon van gebeure manifesteer ten spyte van beduidende verskille en diverse historiese landskappe waarin rolspelers hulle oor die tyd heen bevind (Elman en Jensen 2013:19, 27). Dit is gegrond op twee konstante faktore in die internasionale stelsel: eerstens, die gebrek aan 'n oorhoofse gesag in die internasionale gemeenskap, wat veroorsaak dat anargie in die stelsel aanwesig is,

en tweedens die beginsel van eiehulp, wat beteken dat al die eenhede eenders funksioneer. Die enigste veranderlike is die verspreiding van mag (Elman en Jensen 2013:19) – wat beteken dat magsverskuiwings van tyd tot tyd plaasvind. Teen hierdie agtergrond is neorealiste van mening dat China se houding en optrede in die internasionale gemeenskap gedurende die afgelope dekades nie enige verskil van dié van die VSA toon nie (Elman en Jensen 2013:19, 27). Hierdie uitgangspunt van Waltz, soos hier bo deur Elman en Jensen uiteengesit, sluit aan by hedendaagse standpunte wat berus op die uitgangspunt dat "China's behavior is essentially the same as the United States in the second half of the 20th century ... It's using its rising economic power to build political 'soft power'" (Mourdoukoutas 2019).

Eweso argumenteer neorealiste dat indien die geleentheid hom vir China sou voordoen, Beijing op 'n soortgelyke wyse as die VSA sou handel en dat daar reeds in onlangse jare aanduidings was dat China se mag toeneem en dat die Chinese rol in streeksverband begin manifesteer in groter beheer oor die Asiatiese politieke landskap. Gevolglik word daar ook verwag dat China toenemend in sy militêre vermoëns sal belê met die oog daarop om die dominante streeksmag te word. Uiteindelik, word voorspel, sal China poog om die VSA uit 'n posisie van globale dominasie te druk, wat tot 'n hewige wedywering tussen die VSA en China aanleiding sal gee (Elman en Jensen 2013:27–8).

Teen hierdie agtergrond, en gebaseer op 'n onlangse mening van die voormalige Amerikaanse minister van buitelandse sake, Henry Kissinger, dat die opkoms van Indië en China van groter belang is as die ondergang van die Sowjetunie, meen Mattingly (2018) dat die wedywering tussen die VSA en China maar slegs die begin is. Hy is van mening dat terwyl die VSA en China mekaar se magte in Djiboeti deurkyk, daar inderwaarheid 'n wedywering tussen die twee groot moondhede is, wat waarskynlik sal uitbrei en in die komende dekades deur veiligheidsontleders van alle kante fyn gemonitor sal moet word. Hoe dit ook al sy, Scholtz (2019) voer tereg aan dat die Chinese opmars "op talle plekke" – wat kennelik opmars na die VSA en Europa insluit – met kommer aanskou word.

In die lig van bostaande teoretisering neem Hirono en Suzuki (2014:444–7) egter 'n baie kritiese houding in jeens akademici en navorsers in veral die VSA wat volgens hulle te maklik tot die slotsom kom dat China in werklikheid dieselfde optrede sal volg as ander groot moondhede in die Westerse wêreld (soos Hirono en Suzuki veralgemenend verwys na die VSA en Europese moondhede). Dit geld spesifiek vir die nastrewing van mag en nasionale belang as kernelemente van die paradigma van realisme, soos dit aansluiting vind by bostaande beskouing van Waltz aangaande 'n teleurstellende konsekwentheid in die internasionale politiek. Hirono en Suzuki wys ook daarop dat daar oor die tyd heen 'n hele aantal werke gepubliseer is wat primêr 'n narratief bevorder dat die Chinese regering daarop uit is om die Westerse pogings in Afrika, wat daarop gemik is om goeie regering en liberale demokrasie te bevorder, te probeer teenwerk deur middel van die Chinese model van "outoritêre kapitalisme". Volgens Hirono en Suzuki bevorder talle Westerse akademici en navorsers 'n denkwyse dat die Chinese doelwitte in Afrika ten diepste 'n bedreiging vir die VSA se globale invloed en magsposisie inhou – wat volgens hulle 'n ongegronde oortuiging is.

Hirono en Suzuki (2014:445) voer voorts aan dat hedendaagse teoretisering in die dissipline Internasionale Verhoudinge sterk berus op 'n eksklusiewe fokus op die Westerse geskiedenis en Westerse dominasie – iets wat volgens dié skrywers 'n probleem skep wanneer teoretisering op China-Afrika-verhoudinge van toepassing gemaak word.

> The close link between the national security agenda and the academic literature in the West can be also seen as a by-product of Western exceptionalism that remains prevalent in the discipline of IR. As a field of study which emerged in the West as a self-conscious academic discipline, Acharya and Barry Buzan argue, it is almost a truism to say that "the main ideas in this discipline are deeply rooted in the particularities and peculiarities of European history, the rise of the West to world power, and the imposition of its own political structure onto the rest of the world". This cultural/geographical bias has often resulted in a somewhat one-sided interpretation of global order, in that Western dominance is seen as progressive and thus the only form of hegemony that matters historically and normatively. The rise of a non-Western state or non-Western hegemony is both poorly theorised and almost axiomatically seen as a threat. (Hirono en Suzuki 2014:451)

Vanuit hierdie gesigspunt word aangevoer dat teoretisering in eietydse Internasionale Verhoudinge beweeg na 'n punt waar alle verhoudinge tussen Asië en die Westerse wêreld as hoogs mededingend beskou word – of selfs neerkom op 'n wen-verloor-benadering. In hierdie verband word die opkoms van China eweneens beskou as iets wat 'n uitdaging aan die veiligheidsbelange van die Westerse wêreld stel, omdat aangeneem word dat die optrede van Asiatiese state op dieselfde vertrekpunte as dié van Westerse state berus, en omdat eersgenoemde negatief teenoor Westerse waardes en belange ingestel is. As sodanig word China dan in verband gebring met pogings om die internasionale status quo, waar Westerse belange dominant is, om te keer. So beskou, is China betrokke by pogings wat (sal) lei tot die beëindiging van die sterk posisie wat die Westerse wêreld internasionaal inneem, asook die Weste ontneem van sy rol as normskepper in die internasionale gemeenskap. In die praktyk kom dit ook daarop neer dat China se opkoms as supermoondheid onteenseglik 'n duidelike uitdaging bied sover dit die handhawing van 'n Westers-gedomineerde wêreldorde betref.

Met inagneming van bostaande kritiek op Westerse akademici en navorsers dat 'n té groot ophef gemaak word van die uitgangspunt dat China se opkoms as 'n supermoondheid 'n unieke en bykans ongeëwenaarde uitdaging aan die handhawing van 'n Westers-gedomineerde wêreldorde inhou (Hirono en Suzuki 2014:445), word daar in hierdie artikel egter gemeen dat die breë prentjie van China-Afrika-verhoudinge nie op blote altruïsme neerkom nie – ofskoon Afrika ongetwyfeld ekonomies baat by China se toenemende betrokkenheid in Afrika. Chinese maatskappye kry geleenthede om hulle sakebelange uit te brei, terwyl die Chinese ekonomie toegang tot baie noodsaaklike natuurlike hulpbronne het. Aan die ander kant kry Afrikastate die voordeel van nuwe paaie, brûe, spoorweë, skole en hospitale. Chinese medici speel ook 'n belangrike rol by die bevordering van gesondheid in Afrika, waaronder die bekamping van ebola. Daar is dus wedersydse voordele vir China en Afrika.

Voorts word daar in hierdie artikel saamgestem met Manero (2017) wat aanvoer dat – ten spyte van geldige kritiek dat China se Afrika-verhoudinge soms op sagte vorme van neokolonialisme (kan) neerkom – China se beleggings en betrokkenheid in Afrika 'n verandering meegebring het in hoe daar tans gedink word oor ontwikkelingsuitdagings op die vasteland en hoe buitelandse rolspelers daarby betrokke moet wees. Hierdie verandering in denke hang saam met 'n verskuiwing wat plaasgevind het ten opsigte van hulpverlening vanuit Westerse lande soos dit sedert die 1980's verloop het, tot waar dit nou met China se "hulp vir handel" te make het. Laasgenoemde behels dat Afrikastate (of ontwikkelende lande) hulp veral in die vorm van infrastruktuurontwikkeling ontvang. Dit hang ook saam met wedersydse voordele vir China en Afrika, en vroeë aanduidings is dat China meer suksesvol is as wat oor die afgelope dekades

met Westerse hulpverlening bereik is. Wat die gevare van neokolonialisme betref, word dikwels as teenargument aangevoer dat China Afrikastate nie bloot kan manipuleer of uitbuit nie, omdat Beijing bloot kan doen wat Afrikastate hom toelaat (Gopaldas 2018).

Terselfdertyd moet gemeld word dat daar in Djiboeti betreklik min geleenthede bestaan vir plaaslike vervaardigers en logistieke-ondersteuningspraktyke om regstreeks by Chinese infrastruktuurprojekte te baat. Djiboeti baat veel eerder onregstreeks by sake soos die bevordering van streekintegrasie. Verbeterde pad- en spoorvervoernetwerke tussen Djiboeti en Etiopië is byvoorbeeld baie voordelig vir Djiboeti, en uiteindelik kan daar ook voordele na die kleiner kommersiële sektore deurvloei (Dubé 2016).

Laastens moet daar ook kennis geneem word van stemme wat in onlangse jare opgegaan het waarvolgens betoog word dat China se betrokkenheid in Afrika voordelig kan wees slegs indien Beijing die plaaslike sektore in Djiboeti ondersteun en regstreeks met plaaslike rolspelers bemoeienis maak – en nie slegs met politieke elites skakel nie. Hierbenewens was daar kritiek op Chinese firmas oor wat as hulpbronvergryping bekend staan, en wat saamhang met ’n miskenning van plaaslike rolspelers en ’n weiering om plaaslike arbeidsmagte te benut. Dié soort kritiek sal in die toekoms sekerlik uitdagings aan Chinese politieke en diplomatieke rolspelers bied wat skynbaar nie juis daaraan gewoond is om met plaaslike rolspelers in gesprek te tree nie (Dubé 2016). In dieselfde asem moet daar nie in besprekings oor die onderwerp te veralgemenend met China-Afrika-verhoudinge omgegaan word nie en moet Djiboeti nie tot die enigste of algehele maatstaf vir China-Afrika-verhoudinge verhef word nie. Afrika is immers ’n vasteland met ’n wye verskeidenheid state wat almal onafhanklik met China kan omgaan en bilaterale handelsbetrekkinge kan aanknoop (Manero 2017). Aan die ander kant kan dit wat hier bo veralgemenend gemeld is oor China se verhoudinge met Afrika – spesifiek met betrekking tot neokolonialisme en hulpbronvergryping – tog wel in die besonder na China se verhoudinge met Djiboeti deurgetrek word.

7. Ten slotte

In die globale geopolitieke verband het China, benewens in Afrika, sy invloed veral uitgebrei in die Suid-Chinese See met die Chinese regering se BRI wat tans ’n kernaspek van China se hedendaagse globale strategie uitmaak. Wat egter veral verander het, is dat China in die verlede sy benadering tot die internasionale gemeenskap sterk om ekonomiese kwessies heen gesentreer het, terwyl internasionale veiligheidsaangeleenthede hoofsaaklik aan die VSA en ander Europese moondhede oorgelaat is. Die Djiboeti-basis is egter aanduidend van die plek wat internasionale veiligheidsaangeleenthede ook nou in Beijing se globale strategie inneem. Dieselfde geld vir Chinese vlootbedrywighede in die “verre see” en soldate van die Chinese weermag wat aan internasionale vredesteunoperasies deelneem. In hierdie dinamika maak die Djiboeti-basis ’n belangrike deel uit van die Chinese “pêrelsnoer” wat strek van die Arabiese See buite Karatsji en die Golf van Bengale, suidwaarts na Mauritius en die Seychelle, waar China deesdae ’n beduidende teenwoordigheid het. In die proses laat China hom dus nou geld binne die Indiese invloedsfeer en daarbuite, op sowel ekonomiese as militêre gebied. Dit alles hou verband met China se vierde geopolitieke doel, soos in die bespreking hier bo vermeld, naamlik die beskerming van internasionale handelsroetes asook van die bronne van die grondstowwe wat China benodig. Dit is iets waarna Beijing sélf verwys as sy eietydse vlootstrategie van nabye seeverdediging, verre seebeskerming.

Wat voorts van belang is van China se betrokkenheid in Djiboeti, is dat Djiboeti gesien kan word as ’n soort mikrokosmos van die Chinese betrokkenheid op en wisselwerking met die Afrika-vasteland. So beskou, is Djiboeti inderwaarheid verteenwoordigend van al die wisselwerking, voordele, uitdagings en omstredenhede wat met Beijing se hedendaagse politieke, ekonomiese en militêre voetspoor op die vasteland verband hou (Dubé 2016). Daar is beslis voordele vir Afrikastate, waaronder die skep van nuwe infrastruktuur en ontwikkeling van mynbou, maar ook ’n groeiende skuldlas in sommige Afrikastate, waaronder ook Djiboeti. Die getuienis wat andersyds uit dié studie blyk, dui daarop dat die Chinese motivering om ’n militêre basis in Djiboeti te bedryf, gedryf word deur geo-ekonomiese en geostrategiese motiverings. Ten diepste gaan dit hier dus om ’n kombinasie van ekonomiese en militêre faktore en dryfvere. Sover dit ekonomiese of sakebelange aangaan, is dit duidelik dat sodanige belange die grondslag van die BRI vorm, terwyl dit militêr gesproke duidelik is dat China besig is om sy vloot in ’n blouwatervloot te omskep, en in daardie opsig sal die basis ’n belangrike fasiliterende rol speel in ontplooiings van die Chinese weermag in Afrika en die Midde-Ooste. Dit kom daarop neer dat Djiboeti van besondere belang is, omdat China se ambisies om sy invloedsfeer op die oseane en in Afrika uit te brei versterk is met die vestiging van sy basis in Djiboeti. Wat hier begryp moet word, is dat China se geopolitieke belange in Djiboeti deel vorm van die BRI as ’n makroplan en dat die basis ’n belangrike rol in die beskerming van die BRI kan speel.

Natuurlik het Beijing se bedrywighede in veral die Suid-Chinese see, die Indiese Oseaan en Afrika – spesifiek Djiboeti wat laasgenoemde betref – nie ongemerk verbygegaan nie. Veral in Amerikaanse veiligheidskringe word verwikkelinge beskou as alles deel van ’n doelbewuste, inkrementele benadering wat daarop gemik is om geostrategiese voordeel en ekonomiese verdieping in Afrika stapsgewys te laat plaasvind. Wat ook opval, is dat China sekere gapings vul waar daar behoeftes in Afrika bestaan, veral ten opsigte van die skep en finansiering van infrastruktuur in bepaalde state, soos Djiboeti.

Die meerderheid waarnemers in die VSA is klaarblyklik van mening dat die Djiboeti-basis na alle waarskynlikheid uiteindelik deel van ’n netwerk oorsese basisse sal uitmaak wat oor die Indiese Oseaan heen strek. Argumente word dienooreenkomstig gevoer dat China in samehang met die Djiboeti-basis mettertyd ook bykomende fasiliteite sal benodig om die handel wat in sy energiebehoeftes moet voorsien, te ondersteun. Uiteindelik sal China na alle waarskynlikheid ook die behoefte hê om vlootfasiliteite in die sentrale en/of oostelike Indiese Oseaan te skep as deel van ’n nuwe Indiese Oseaan-netwerk, asook die weskus van Afrika. Daarom word Walvisbaai in Namibië genoem as ’n moontlikheid waar China in die toekoms ’n militêresteunbasis kan inrig om na sy belange in en om Suider-Afrika om te sien.

Opsommend kan gemeld word dat die oprigting van ’n Chinese militêre basis in Djiboeti ’n middel tot ’n doel is teen die agtergrond van Beijing se buitelandsebeleidsimperatiewe. Dit hou nie verband met mineraalontginning in die klein, dorre land nie, maar wel met strategiese ligging. Die basis is bedoel om ekonomiese samewerking globaal en besonderlik in Afrika te fasiliteer, asook om beter om te sien na Chinese veiligheidsimperatiewe op die vasteland. Terselfdertyd kan dit nie ontkoppel word van Beijing se ambisies om sy invloedsfeer op die oseane en in bepaalde streke, waaronder Afrika, uit te brei nie. Uiteraard het die VSA, Europese moondhede en ook Rusland almal hulpbronne nodig, en dit is waarom die Chinese optrede in Djiboeti fyn dopgehou word deur waarnemers wêreldwyd. Met die basis in Djiboeti het China daarin geslaag om sy vastrapplek in Afrika te verstewig en daar kan tereg verwag word dat die basis die eerste van meer sal wees. Dat daar kommer bestaan in veral die VSA en by ander

moondhede oor gebeure in Djiboeti, is begryplik. Die VSA se globale mag is immers besig om stadig in te krimp, terwyl China 'n globale akteur geword wat nie meer terughoudend is oor magsprojeksie nie. Dit gaan gepaard met die uitbreiding van China se militêre vermoëns en die aktiewe bevordering van Beijing se globale belange ver buite die Chinese grondgebied, waarvan Djiboeti 'n onderdeel is. Uit die bostaande bespreking is daar egter nie genoegsame getuienis om aan te voer dat sake op 'n konflik of oorlog afstuur tussen China en veral die VSA nie. Wat wel aangevoer kan word, is dat die Djiboeti-basis tekenend is van die ontvouende globale wedywering tussen China en die VSA wat stellig verder gevoer sal word terwyl 'n nuwe wêreldorde besig is om vorm aan te neem.

Erkenning

Die skrywer wil graag erkenning gee dat dié werk gebaseer is op finansiële ondersteuning van die Nasionale Navorsingstigting van Suid-Afrika. Die menings, bevindings of aanbevelings wat in die artikel verskyn, is dié van die skrywer, en die Nasionale Navorsingstigting aanvaar geen aanspreeklikheid daarvoor nie.

Bibliografie

Albert, E. 2016. Competition in the Indian Ocean. *Council on Foreign Relations*, 19 Mei. https://www.cfr.org/backgrounder/competition-indian-ocean (3 Augustus 2018 geraadpleeg).

—. 2017. China in Africa. *Council on Foreign Relations*, 12 Julie. https://www.cfr.org/backgrounder/china-africa (15 September 2018 geraadpleeg).

Avdaliani, E. 2018. China's naval success and its grand strategy. *BESA Center Perspectives Paper*, nr. 961, 8 Oktober.

Baker, B.D. 2015. Where is the "String of pearls"? *The Diplomat*, 5 Oktober. https://thediplomat.com/2015/10/where-is-the-string-of-pearls-in-2015 (6 Augustus 2018 geraadpleeg).

Balaam, D. en B. Dillman. 2019. *Introduction to International Political Economy*. Sewende uitgawe. New York: Routledge.

Bird, J., M. Lebrand en A.J. Venable. 2019. The Belt and Road Initiative: Reshaping economic geography in Central Asia. *World Bank Group Policy Research Working Paper*, 8807, April.

Braude, J. en T. Jiang. 2016. Why China and Saudi Arabia are building bases in Djibouti. *Huffington Post*, 26 September. https://www.huffingtonpost.com/joseph-braude/why-china-and-saudi-arabi_b_12194702.html (5 Oktober 2018 geraadpleeg).

Brewster, D. 2018. China's new network of Indian Ocean bases. *The Interprete*r, 30 Januarie. https://www.lowyinstitute.org/the-interpreter/chinas-new-network-indian-ocean-bases (23 September 2018 geraadpleeg).

Burger, J. 2018. The return of Russia to Africa. *Africa Business Insights*, 8 November. https://www.ntusbfcas.com/african-business-insights/content (9 November 2018 geraadpleeg).

Chaziza, M. 2018. China's military base in Djibouti. *Mideast Security and Policy Studies*, 53.

Chen, W. en R. Nord. 2017. *A rebalancing act for China and Africa: The effects of China's rebalancing on sub-Saharan Africa's trade and growth*. International Monetary Fund: African Department: Washington, DC.

China-Africa Research Initiative. 2019. Data: Chinese workers in Africa. http://www.sais-cari.org/data-chinese-workers-in-africa (6 Julie 2019 geraadpleeg).

Dutta, P. 2017. Can India really encircle India with its "String of Pearls"? The great game of Asia. *India Today*, 15 Junie. https://www.indiatoday.in/india/story/china-encircle-india-string-of-pearls-982930-2017-06-15 (3 Augustus 2018 geraadpleeg).

Downs, E., J. Becker en P. deGategno. 2017. China's military support facility in Djibouti: The economic and security dimensions of China's first overseas base. *CNA Corporation*, Analysis Solutions, Julie. http://www.dtic.mil/dtic/tr/fulltext/u2/1038215.pdf (3 Augustus 2018 geraadpleeg).

Dubé, F. 2016. China's experiment in Djibouti. *The Diplomat*, 5 Oktober. https://thediplomat.com/2016/10/chinas-experiment-in-djibouti/ (23 September 2018 geraadpleeg).

Duggan, N. 2018. The expanding role of Chinese peacekeeping in Africa. *Oxford Research Group*. 23 Januarie. https://www.oxfordresearchgroup.org.uk/Blog/the-expanding-role-of-chinese-peacekeeping-in-africa (5 Oktober 2018 geraadpleeg).

Elman, C. en M.A. Jensen. 2013. *Security Studies: An Introduction*. In Williams (red.) 2013.

Fabricius, P. 2018. Indebted Africa returns to the International Monetary Fund. *ISS Today*, 20 September 2018. https://issafrica.org/iss-today/indebted-africa-returns-to-the-international-monetary-fund (3 Julie 2019 geraadpleeg).

Fei, J. 2017. China's overseas military base in Djibouti: Features, motivations, and policy implications. *China Brief*, 17(17). https://jamestown.org/program/chinas-overseas-military-base-djibouti-features-motivations-policy-implications (27 Augustus 2018 geraadpleeg).

Gertz, B. 2018. "China dream" is global hegemony – U.S. urged to counter Beijing's military, economic expansion. *Washington Free Beacon*, 17 Mei. https://freebeacon.com/national-security/china-dream-global-hegemony (3 September 2018 geraadpleeg).

GlobalSecurity.org. 2018. *Djibouti-China Naval Base*. 6 Februarie. https://www.globalsecurity.org/military/world/djibouti/forrel-prc-base.htm (4 September 2018 geraadpleeg).

Gopaldas, R. 2018. China's salami slicing takes root in Africa. *ISS Today*, 3 Oktober. https://issafrica.org/iss-today/chinas-salami-slicing-takes-root-in-africa (5 Oktober 2018 geraadpleeg).

Grady, J. 2019. AFRICOM nominee: Russia, China making major strategic inroads in Africa. *USNI News*, 2 April. https://news.usni.org/2019/04/02/africom-nominee-russia-china-making-major-strategic-inroads-africa (9 Julie 2019 geraadpleeg).

Hartman, A. 2014. Chinese naval base for Walvis Bay. *The Namibian*, 19 November. https://www.namibian.com.na/index.php?id=130693&page=archive-read (12 Julie 2019 geraadpleeg).

Hirono, M. en S. Suzuki. 2014. Why do we need a "myth busting" in the study of Sino-African relations? *Journal of Contemporary China*, 23(87):443–61.

Huang, C.-H. 2017. *Contributor profile: The People's Republic of China. Providing for peacekeeping*, 27 April. http://www.providingforpeacekeeping.org/wp-content/uploads/2017/05/China-Chin-Hao-27Apr2017_FINAL.pdf (13 Oktober 2018 geraadpleeg).

IISS (The International Institute for Strategic Studies) and MERICS (Mercator Institute for Chinese Studies). 2019. *The Internationalization of China's private security companies: Guardians of the Belt and Road*, 16 Augustus. https://www.merics.org/en/china-monitor/guardians-of-belt-and-road (25 September 2019).

Internasionale Monetêre Fonds. 2017. Djibouti: Staff report for the 2016 Article iv consultation – debt sustainability analysis. 7 Februarie. https://www.imf.org/external/pubs/ft/dsa/pdf/2017/dsacr1787.pdf (8 Julie 2019 geraadpleeg).

Kovrig, M. 2018. China's expanding military footprint in Africa. *Mail & Guardian*, 24 Oktober. https://mg.co.za/article/2018-10-24-chinas-expanding-military-footprint-in-africa (10 Julie 2019 geraadpleeg).

Kwasi, S. 2019. High cost of having China as Africa's partner of choice, *ISS Today*, 13 Maart. https://issafrica.org/iss-today/high-cost-of-having-china-as-africas-partner-of-choice (7 Julie 2019 geraadpleeg).

Lee, J. 2015. China comes to Djibouti: Why Washington should be worried. *Foreign Affairs*, 23 April. https://www.foreignaffairs.com/articles/east-africa/2015-04-23/china-comes-djibouti (1 Julie 2019 geraadpleeg).

Lobell, S.E. 2010. *Oxford research encyclopaedia of international studies: Structural realism/offensive and defensive realism*. Oxford: Oxford University Press.

Manek, N. 2019. Djibouti needed help, China had money, and now the U.S. and France are worried. *Bloomberg Markets*, 6 April. https://www.bloomberg.com/news/features/2019-04-

06/djibouti-needed-help-china-had-money-and-now-the-u-s-and-france-are-worried (7 Julie 2019 geraadpleeg).

Manero, E. 2017. China's investment in Africa: The new colonialism? *Harvard Political Review*, 3 Februarie. http://harvardpolitics.com/world/chinas-investment-in-africa-the-new-colonialism (22 Julie 2018 geraadpleeg).

Mattingly, D. 2018. Assessment of the military implication of Chinese investment in the Port of Djibouti. *RealClear Defense*, 11 Junie. https://www.realcleardefense.com/articles/2018/06/11/military_implication_of_chinese_investment_in_the_port_of_djibouti_113525.html (15 September 2018 geraadpleeg).

Metwally, H.A. 2019. BRI: Six years of success in Africa. *China.org.cn*, 25 April. http://www.china.org.cn/opinion/2019-04/25/content_74720150.htm (2 Julie 2019 geraadpleeg).

Ministry of National Defense of the People's Republic of China. 2019a. Defense Ministry's Regular Press Conference on June 27. http://eng.mod.gov.cn/news/2019-06/27/content_4844628.htm (11 Julie 2019 geraadpleeg).

Ministry of National Defense of the People's Republic of China. 2019b. Djibouti: Chinese military's first overseas support base. 23 April. http://eng.mod.gov.cn/news/2019-04/23/content_4840097.htm (11 Julie 2019 geraadpleeg).

Mourdoukoutas, M. 2019. What China wants from Africa? Everything. *Forbes Media LCC*, 4 Mei. https://www.forbes.com/sites/panosmourdoukoutas/2019/05/04/what-china-wants-from-africa-everything/ (10 Julie 2019 geraadpleeg).

Nantulya, P. 2019. *Chinese hard power supports its growing strategic interests in Africa*. Africa Centre for Strategic Studies, 17 Januarie. https://africacenter.org/who-we-are (31 Januarie 2019 geraadpleeg).

Ndzendze, B. 2019. On the lack of theory in Africa-China Analysis. *Journal of International Affairs*, 24 Januarie. https://jia.sipa.columbia.edu/online-articles/lack-theory-africa-china-analysis (8 Julie 2019 geraadpleeg).

Office of the Secretary of Defense. 2018. *Annual report to Congress: Military and security developments involving the People's Republic of China 2018*. Washington DC: Department of Defense.

Olander, E. en C. van Staden. 2017. Inside Africa's role in China's ambitious "One Belt, One Road" initiative. *Huffington Post*, 16 Maart. https://www.huffingtonpost.com/eric-olander/africa-china-one-belt-one-road-initiative-_b_9471982.html (12 Augustus 2018 geraadpleeg).

Pauley, L. 2018. China takes the lead in UN peacekeeping. *The Diplomat*, 17 April. https://thediplomat.com/2018/04/china-takes-the-lead-in-un-peacekeeping (5 September 2018 geraadpleeg).

Pieper, D. 2018. How Djibouti became China's gateway to Africa. *Spiegel Online*, 8 Februarie. http://www.spiegel.de/international/world/djibouti-is-becoming-gateway-to-africa-for-china-a-1191441.html (12 Oktober 2018 geraadpleeg).

Scholtz, L. Is oorreding doeltreffender as om te dreig? *Netwerk24*, 30 Maart. https://www.netwerk24.com/Stemme/Menings/is-oorreding-doeltreffender-as-om-te-dreig-20190329 (4 Julie 2019 geraadpleeg).

Shih, C. 2013. *Sinicizing International Relations*. New York: Palgrave Macmillan.

South African Institute of International Affairs. 2009. *The China-Africa Toolkit: A resource for African policymakers*. Braamfontein: SAIIA.

Stratfor. 2019. Wary of China, India shares its largesse with neighbors. 24 April. https://worldview.stratfor.com/article/india-china-aid-neighbors-nepal-bhutan-sri-lanka-maldives-bangladesh-seychelles (13 Julie 2019 geraadpleeg).

U.S. Department of Defense. 2019. DOD Official details continuing Chinese military buildup. 3 Mei. https://dod.defense.gov/News/Article/Article/1836512/dod-official-details-continuing-chinese-military-buildup (13 Julie 2019 geraadpleeg).

Verenigde Nasies. 2019a. United Nations peacekeeping: China. https://peacekeeping.un.org/en/china (4 Julie 2019 geraadpleeg).

—. 2019b. United Nations peacekeeping: How we are funded. https://peacekeeping.un.org/en/how-we-are-funded (1 Augustus 2019 geraadpleeg).

Wang, M. 2018. China's strategy in Djibouti: Mixing commercial and military interests. *ForeignAffairs.com*, 13 April. https://www.cfr.org/blog/chinas-strategy-djibouti-mixing-commercial-and-military-interests (5 September 2018 geraadpleeg).

Williams, P. (red.). 2013. *Security studies: An introduction*. 2de uitgawe. Routledge: New York.

Wu, Y.-S., C. Alden en E. Sidiropoulos. 2017. China's One Belt One Road initiative will need Africa's support to work. *Quarts Africa*, 29 Mei. https://qz.com/africa/993861/obor-chinas-one-belt-one-road-initiative-needs-africas-support (14 September 2018 geraadpleeg).

Zheng, S. 2017. China completes registration of 8,000-strong UN peacekeeping force, defence ministry says. *South China Morning Post*, 29 September. https://www.scmp.com/news/china/diplomacy-defence/article/2113436/china-completes-registration-8000-strong-un (3 Julie 2019 geraadpleeg).

Eindnota

[1] Die VSA beskik oor verskeie buiteposte en vliegvelde in Afrika, maar Djiboeti is die land se enigste amptelike volskaalse militêre basis op die vasteland van Afrika.